

Gestruktureerde MA in Kreatiewe Skryfkuns

Die kursus is gerig op (aspirant) skrywers en vertalers wat 'n manuskrip onder deskundige leiding wil voltooi. Hoewel die vernaamste oogmerk hiervan die ontwikkeling van 'n lewensvatbare publiseerbare manuskrip is, is dit ook 'n volledig akademiese kursus waarvoor kandidate teoretiese modules op magistervlak moet slaag. Die gestruktureerde aard van die kursus maak dit egter moontlik dat dit ook gevolg kan word deur kandidate sonder 'n volledige honneurskwalifikasie in tale (sien Toelatingsvereistes hieronder).

Die kursus strek oor twee jaar, waarvan die eerste jaar hoofsaaklik gewy word aan 'n teoretiese begroning en die tweede jaar aan die skryfpraktyk, dit wil sê die afronding van 'n manuskrip.

Kandidate kan spesialiseer in óf oorspronklike kreatiewe skryfwerk, óf literêre vertaling. Die fokus van die gestruktureerde MA in die departement is literêre skryfwerk en literêre vertaling en tekste in enige genre mag aangebied word, fiksie sowel asiefiksie, populêre sowel as literêr, prosa sowel as drama en poësie.

Toelatingsvereistes

Kandidate moet aan die volgende twee hoofvereistes voldoen:

- A. tersiêre kwalifikasies; en
- B. toepaslike literêre portefeulje, onderworpe aan interne en eksterne keuring.

Om aan Vereiste A hierbo te voldoen moet kandidate oor **een** van die volgende beskik:

1. 'n honneursgraad in tale of letterkunde, **of**
2. 'n gelykwaardige kwalifikasie en/of bewese kwalifikasie en/of prestasies in ander dissiplines. Hierdie kwalifikasies moet egter eers deur die universiteit se Kantoor vir die Erkenning van Voorafleer (EVL/ RPL) goedgekeur word. (Sien Aansoeke hieronder.) Aangesien die eerste jaar van die M.A. primêr akademies van aard is, is

die minimum aanbeveling 'n vierjarige B-graad en/of honneurs as aanduiding van die kandidaat se akademiese vermoëns.

3. Studente wat nie oor 'n honneursgraad in Afrikaans en Nederlands beskik nie, word verplig om saam met die MA in Kreatiewe Skryfkuns gelyklopend 'n honneursmodule van 32 krediete aan te bied wat relevant is vir die spesialisasieveld (poësie, prosa, drama) van die student. Die 32-kredietmodule kan gekies word uit die volgende modules: AFNL 6808 (32 krediete) of AFNM 6808 (32 krediete) of AFNJ 6814 (16 krediete) en AFNK6824 (16 krediete). Die krediete van die honneursmodule sal nie bydra tot die verwerwing van die MA-kwalifikasie nie.

Vir Vereiste B moet kandidate 'n portefeulje van sy of haar skryfwerk indien. Die portefeulje moet bestaan uit minstens 20 bladsye (5 000 woorde) van die manuskrip wat die kandidaat gedurende die kursus wil ontwikkel. Die portefeulje mag dus nie reeds gepubliseerde werk bevat nie.

Vir spesialisasie in literêre vertaling kan vertalings van en na Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans voorgelê word. Die kandidaat moet minstens 5 bladsye van die bronteks sowel as 5 bladsye van die vertaling daarvan indien.

Die portefeulje sal aanvanklik beoordeel word deur 'n keurpaneel bestaande uit die dosente wat vir die onderrig van die kursus verantwoordelik sal wees. Die finale keuring word gedoen deur eksterne, onafhanklike keurders wat spesifiek vir hierdie doel deur die departement aangewys word. Toelating kan slegs geskied indien die keurpaneel sowel as die eksterne keurder bevind dat die teks oor genoeg potensiaal beskik dat dit tot 'n lewensvatbare manuskrip ontwikkel kan word.

Let ook op die verklaring aan die einde van hierdie dokument. Kandidate moet die verklaring betreffende die voorlegging vir publikasie van manuskripte aan die begin van hul studie onderteken en indien by die administrasiekantoor van die departement, FGG211, of per e-pos stuur aan die departementele sekretaresse, mev. I. Meiring.

Kurrikulumstruktuur

Kandidate word vir studieleiding toegewys aan spesialiste op die toepaslike taal- en genre-terreine. Naas 'n primêre studieleier sal daar elke kandidaat ook toegang hê tot kundige terugvoering in die groepbesprekings van die ander dosente. In die eerste jaar word twee teoretiese modules aangebied (AFNA7910 Literêre Kritiek en AFNB7920 Capita Selecta); en in die tweede jaar word die manuskrip afgerond.

Hoewel kandidate eers in die tweede studiejaar vir die voltooiing van die manuskrip registreer (AFNM7920 Kreatiewe Uitset) begin die werk daaraan reeds met die heel eerste lesings.

In die eerste studiejaar word die tien lesings van 5 uur elk een keer per maand in blokformaat aangebied vanaf die middel van Februarie tot die middel van November en waarskynlik op die eerste Vrydag van elke maand. Die spesifieke datums en tye word egter met die aanvang van elke semester onderling deur studente en dosente vasgestel. Die lesings maak uit die staanspoor voorsiening vir praktiese sessies met die studieleier, en uiteindelik ook vir groepbesprekings waarin kandidate die geleentheid sal kry om in groepsverband hul werk en die inhoud van die kursus te bespreek.

In die eerste studiejaar word die kursusse deur middel van werkopdragte en/of mini-verhandelings geëvalueer; in die tweede jaar deur die voltooiing van die manuskrip. Interne moderering geld vir die toekenning van punte vir alle eindassessering in die eerste studiejaar. Eksterne moderering van die manuskrip is verpligtend alvorens die kwalifikasie toegeken mag word.

Die kurrikula vir die onderskeie spesialiseringe, naamlik oorspronklike werk en literêre vertaling, lyk soos volg:

1. Oorspronklike kreatiewe skryfwerk.

Jaar	Module	Inhoud	Assessering	Krediete
1	AFNB7920 Capita Selecta	Literêre stilistiek. 'n Inleiding tot relevante literêre en stilistiese praktyke wat dan afgestem word op kandidate se manuskripte.	Vyf skryfopdragte in eerste semester. Vyf verpligte kontakssessies.	45
	AFNA7910 Literêre Kritiek	Die fokus is belangrike periodes en tendense in die Afrikaanse letterkunde en die literêre kritiek.	Een groot werkopdrag in tweede semester met moderering. Vyf verpligte kontakssessies.	45
2	AFNM7900 Kreatiewe Uitset	Die ontwikkeling en afronding van die manuskrip wat vir die graad voorgelê is.	Manuskrip waaraan deurlopend vanaf eerste studie-jaar gewerk word. Finale manuskrip einde Oktober van tweede studiejaar. Eksterne moderering einde November afgehandel.	90

2. Literêre vertaling

Jaar	Module	Inhoud	Assessering	Krediete
1	AFNB7920 Capita Selecta	'n Inleiding tot relevante vertaalteorieë gekombineer met literêre stilistiek wat afgestem is op kandidate se manuskripte	Vyf skryfopdragte in eerste semester. Vyf verpligte kontakssessies.	45
	AFNA7910 Literêre Kritiek	Die fokus is belangrike periodes en tendense in die Afrikaanse letter-kunde en die literêre kritiek.	Een groot werkopdrag in tweede semester met moderering. Vyf verpligte kontakssessies.	45
2	AFNM7900 Kreatiewe Uitset	Manuskrip van literêre vertaalwerk.	Manuskrip waaraan deurlopend vanaf eerste studiejaar gewerk word. Finale manuskrip einde Oktober van tweede studiejaar. Eksterne moderering einde November afgehandel.	90

Aansoeke

Alle voornemende studente vir die MA in Kreatiewe Skryfkunde moet **eers** by die Departement Afrikaans en Nederlands; Duits en Frans aansoek doen. Hierdie aansoek moet die departement bereik voor die sluitingsdatum op 30 Oktober. Dit moet die volgende bevat:

- 'n brief om keuring vir die graadspesialisasie te versoek;
- 'n voltooide aansoekvorm van die UV;
http://kovsielife.ufs.ac.za/dl/Userfiles/Documents/00001/653_eng.pdf
(**Let Wel:** Deur die aansoekvorm te voltooi sal jy 'n studentenommer kry, maar dit beteken nog nie dat jy vir die kursus aanvaar is nie.)
- 'n CV wat veral die kandidaat se studie- en publikasiegeskiedenis weerspieël; en
- 'n portefeulje wat literêre skryf- of vertaalwerk bevat, soos in die toelatingsvereistes hierbo voorgeskryf.

Kandidate wat nie 'n honneursgraad in taal- of letterkunde het nie, moet daarop let dat die departement hul aansoek sal verwys na die Kantoor vir die Erkenning van Voorafleer. Vir die erkenning van ervaring en/of kwalifikasies wat buite die taal- en letterkunde val, sal **relevante** kwalifikasies en/of werkervaring in ag geneem word, vernameamlik 'n publikasiegeskiedenis.

Rig korrespondensie aan:

Prof. Angelique van Niekerk

Hoof: Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

Posbus 339

Bloemfontein

9300.

E-posadres: vnika@ufs.ac.za.

Telefoon: 051 401 2816.

Registrasie

1. Jou aansoek moet **eers** goedgekeur word alvorens jy met die registrasieproses kan begin. Vir registrasiedoeleindes het jy 'n **aanvaardingsbrief** van die departement nodig.
2. Afhangende van jou akademiese geskiedenis moet jy vervolgens een van twee soorte aansoekvorms invul wat deur die departement aan jou verskaf sal word:
 - a. Indien jy jou vorige akademiese kwalifikasie die vorige jaar aan die UV behaal het, moet jy 'n **DV3-vorm** invul.
 - b. Indien jy 'n ruk lank nie, of glad nie, aan die UV gestudeer het nie, moet jy 'n **volledige aansoekvorm** invul.
3. Met jou eerste werksessie einde Januarie neem jy jou aansoekvorm saam met jou aanvaardingsbrief na Toelatings in die Callie Humansentrum sodat jou aansoek **geaktiveer** kan word, navrae by kantoor FGG211 (soggens).
4. Sodra jou aansoek geaktiveer is, kan jy by die volgende skakel **aanlyn registreer**:

<http://www.ufs.ac.za/adhoc-pages/2015-registration-bfn-campus/02-guidelines-for-registration---bloemfontein-campus>

Kliek daarop of kopieer die skakel in die webblaaier se adresveld en druk “enter”. Volg die stappe wat aangedui word.

Vier kodes word vir registrasie benodig:

- studentenommer;
- die studiekode vir die gestruktureerde MA in Kreatiewe Skryfkunde: **1831**.
- Die twee kodes vir die modules wat in die eerste studiejaar gevolg sal word: **AFNA7910** en **AFNB7920**.
- **Let Wel:** Eers in die tweede studiejaar registreer jy vir **AFNM7900**.

Verklaring

Hiermee verklaar ek _____, studentenommer _____,
dat ek nie die manuskrip wat in die MA-kursus aan die Departement Afrikaans &
Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat ontwikkel is, of enige
gedeelte daarvan, vir publikasie sal voorlê alvorens die graad toegeken is nie.

HANDTEKENING: _____

DATUM: _____